Oordenking
20 Januarie 2010

Nederigheid is ‘n gawe wat tot redding en diens lei.

Dis net met nederigheid dat mense in geloof na God toe kan kom om ewige verlossing te ontvang en om aan Hom diensbaar te wees. Op die wyse word Christus daagliks meer en ons word minder.

Geen Christen kan ander help of die kerk help sonder om nederig te wees nie. Ons moet minder word as diegene wat ons veronderstel is om te help, want as ons in meerderwaardigheid aanbied om te help sal hulle ons nie toelaat om vir hulle diensbaar te wees nie. Dit beteken onder andere dat ons die belange van ander gelowiges voor ons eie plaas. So leer ken ons die krag van die heerlike Christelike paradoks, naamlik dat:
Wanneer ons gewillig is om ons lewe te verloor, dan begin ons lewe; wanneer ons ons lewe opoffer, sal ons ware lewe vind en as ons die fokus op onrein plesier laat vaar, sal ons werklik vervul wees. So word nederigheid ‘n pad na wonderlike seën.

Diegene wat kies om hulle nie aan God te onderwerp nie, moet weet dat hoewel God nou nog mense toelaat om teen Hom in opstand te kom en ongehoorsaam te wees, die dag nader kom dat Hy alles en almal aan Homself sal onderwerp wanneer Jesus weer kom. Ons kies om ons nou in nederigheid aan God te onderwerp, of met die wederkoms gedwing te word om dit te doen. Ons sal in elk geval almal die knie voor Christus buig. Die verskil is dat Christene hulle nou met groot vreugde aan God onderwerp, maar dat ongelowiges wat selfsugtig weier om God se gesag in hulle lewens te aanvaar, op die oordeelsdag gedwing sal word om te erken dat Hy die Here is, voordat hulle vir altyd verlore is.

Filip 2: 9 - 11: *Daarom het God Christus ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.*

Die voorwaarde vir nederige onderwerping aan God wat lei tot nederige diens aan elkeen wat die Here oor ons pad stuur, is die woord “oorgawe”. As ons uit genade deur geloof gered word, gee ons oor aan God, die gesag van sy Woord en aan Christus as Verlosser en as Heer. So gee ons oor aan God.

Die vrug van oorgawe aan die Here is nederige diensbaarheid, waar ons ons lewens opoffer vir die diens van die Here en so vervul word deur God se wil vir ons lewe, en ons nie meer hoop op vervulling deur selfsugtig te wees of die plesier van die sondige wêreld te soek nie. As ons oorgee aan die Here, is die uitkoms nederigheid as die werk van die Heilige Gees in ons. Dit is die vrug van ons lewe in Christus en saam met Christus.

Ons kan kies om God en mekaar in liefde te dien!
Gal 5: 13 – 15:
Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde. Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Mag ons, deur die genade van die Here, ware nederigheid hê en so die Here uit die hart dien en verheerlik.